NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

VISUELE KUNSTE: VRAESTEL I
HERFORMULEERD

Tyd: 3 uur 100 punte

LEES DIE INSTRUKSIES

1. Hierdie vraestel het 9 bladsye en 'n insetsel vir (i) bladsy. Kyk dat jy al die bladsye het.

2. **ANTWOORD AL VYF VRAE.**

3. Lees elke vraag voordat jy antwoord.

4. Skryf netjies. Gebruik volsinne en paragrawe. Die vraag sal sê wat jy moet skryf. Jy kry **geen punte** vir lyste feite of diagramme **nie**.

5. Gee jou antwoorde dieselfde nommers as die vrae.

6. Onderstreep die name van kunstenaars en kunswerke.

7. Jy mag NIE die visuele bronne wat in een vraag is in enige ander vrae gebruik NIE.

8. Moet NIE kunstenaars, feite, argumente **en/of** kunswerke herhaal NIE. **Jy kry geen punte** as jy dieselfde inligting in 'n ander vraag herhaal nie.

9. As 'n vraag **EN/OF** sê, moet jy oor **EEN** aspek of **AL** die kriteria wat ons noem, skryf.

10. **BELANGRIK**: Gebruik ***45 minute tot 'n uur*** vir **Vraag 5** se antwoord.

11. Antwoord in die Antwoordboek.

12. Skryf netjies.

IEB Copyright © 2022

VRAAG 1 VISUELE GELETTERDHEID

Gebruik **Afbeeldings A, B** en **C.** Lees die teks op bladsy 2 en 3.
Antwoord die vrae.

Gebruik **Afbeeldings A, B** en **C** vir VRAAG 1.



Afbeelding A *(Hierbo)*

Kyle Meyer

Undefined 37a

2019

Argiefpigmentdruk met die hand geweef met wasdrukstof

111,8 × 76,2 cm

1



Afbeelding B *(Hierbo)*

Kyle Meyer

Undefined 107

2018

Argiefpigmentdruk met die hand geweef met wasdrukstof

167,6 × 111,8 cm

"Vir my reeks *Interwoven* kyk ek na homoseksualiteit in 'n hiper- (baie) manlike kultuur in Swaziland. Homoseksualiteit is onwettig in hierdie klein Afrika-land. Homoseksuele mans moet hulle seksualiteit wegsteek. Hulle mag nie hulle regte identiteit wys nie. 'n Paar van hierdie mans is my vriende. Hulle het my vertel van hoe hulle sukkel. Ek het hulle gevra om 'n stuk plaaslike materiaal te kies. Vrouens dra hierdie materiaal. Ek het unieke (spesiale) kopdoeke vir elkeen se kop gemaak. Mans mag nie hierdie kopdoeke in die openbaar dra nie. Dit was een eenvoudige manier vir hulle om hulle individualiteit te wys wat hulle altyd moet wegsteek."

2

IEB Copyright © 2022



Afbeelding C *(hierbo)* en **detail** *(regs):*

Farwa Moledina

Interwoven, 'ways of belonging'.

2018

Muurpapier en fotografiese druk.



Detail

Kyk na Farwa Moledina se *Interwoven*-reeks. Hulle neem foto's van mense teen muurpapier wat soos tradisionele Engelse muurpapier lyk as jy vinnig daarna kyk. Dit is 'n samesmelting van elemente van Britse simboliek. Die mense dra hulle tradisionele hooftooisels. Die materiaal van die hooftooisel het dieselfde patroon as die muurpapier. Dit wys mense het aangepas by die plaaslike Britse kultuur, maar hulle hou hulle Islamitiese kernwaardes. Die mense stel die vereniging van kulture en die oorerwing van tradisies (Islamities en Westers) voor. Hulle hou vas aan hulle eie individuele maniere van saamhoort (om in te pas).

3

IEB Copyright © 2022

1.1 Gebruik **Afbeelding A** en **B**.
Dink oor **EN** verduidelik die **titel** *'Undefined'/ 'Ongedefinieerd'.*
Dink aan die konsep **agter die kunswerke** EN die **formele**, **stilistiese kenmerke** van die kunswerke. (4)

1.2 Het **Afbeelding A** OF **B** 'n **duideliker fokuspunt**?
Gee TWEE **redes**. (2)

1.3 Kyk hoe die kunstenaar die visuele gereedskap ***patroon*** en ***herhaling*** in **Afbeelding C** gebruik.
Verduidelik ***patroon*** en ***herhaling***. (2)

1.4 Noem EN verduidelik die funksie van **EEN visuele element** wat prominent (baie duidelik) in **Afbeelding A, B** en **C** is. (3)

1.5 **Afbeelding A, B** en **C** wys (verteenwoordig) **formeel** en **konseptueel hierdie jaar se praktiese tema** van *Verweef.*
Hoe? Gee **maniere**. (4)
[15]

IEB Copyright © 2022

VRAAG 2 TWINTIGSTE-EEUSE KUNS VAN DADA TOT DIE 1970's, KONSEPTUELE KUNS VAN DIE 1970'S UITGESLUIT

Lees die teks. Antwoord die vrae.



Pablo Picasso het gesê, 'goeie kunstenaars leen, groot kunstenaars steel.'

4

Die uitgesproke (nie bang om sy eerlike mening te gee nie) Britse strokiesprentkunstenaar Dave Gibbons sê die volgende oor Lichtenstein:

'Ons het 'n woord in die besigheid 'gaps'. Wanneer jy soek na idees, blaai jy deur jou strokiesprente, en jy kyk na wat iemand anders gedoen het. Baie van Lichtenstein se werk is na aan die oorspronklike. Hy moet eintlik baie dankie sê vir die werk van die oorspronklike kunstenaar'.

5

2.1 **Kies EEN** kunswerk uit die **lys bewegings** wat **aspekte** van 'n **inspirasiebron 'leen of steel'**.
Kies 'n **ander** kunswerk uit 'n **ander beweging** wat 'n **unieke soort kuns** wys.

Dada, Surrealisme, Abstrakte Ekspressionisme en Foto-realisme.

- **Kies** die kunswerke
- **Skryf** die **name** van die kunstenaars
- Gee die **titels** van die kunswerke
- **Verduidelik** elke kunswerk (4)

2.2 Kyk na jou **eerste kunswerk**.
Die kunstenaar **leen of steel** van hulle **bron van inspirasie**.
Hoe **EN/OF** wat leen of steel hulle?
Verwys na die kunswerk. Verduidelik. (4)

2.3 Kyk na jou **tweede kunswerk**.
Die kunstenaar **skep 'n unieke kunsvorm**. **Hoe**?
Verwys na die kunswerk. Verduidelik. (4)

2.4 **Wie** van hierdie **kunstenaars beïnvloed meer toekomstige** (in die toekoms) **kunstenaars en bewegings**?
Skryf wat jy dink. Gee **redes**. (3)
[15]

IEB Copyright © 2022

VRAAG 3 KONSEPTUELE EN KONTEMPORÊRE INTERNASIONALE KUNS

Gebruik **Afbeelding D** en **E**.
Lees die teks.
Antwoord die vrae.



Afbeelding D *(Hierbo)*
Wim Delvoye
Sylvie; 2006
Getatoeëerde vark.

Wim Delvoye begin in 1997 op lewende varke tatoeëer. Hy wil iets anders vir die kunsmark doen. Hy wil lewende kunswerke skep. Die getatoeëerde varke woon op 'n plaas. Mense kan hulle as 'kunswerke' koop. Die eienaars kan hulle huis toe neem as hulle dood is.

6



Afbeelding E *(Hierbo)*
Jess Yen
Tattoo (Ongetiteld); 2020
Tatoe-ink op vel.

Die wêreldbekende Japannese tatoeëer-kunstenaar Jess Yen, of Horiyen, sê 'n tatoeëermerk moet ’n goeie samestelling hê. Dit moet visueel kragtig wees. Mense wat dit van ver af sien, moet dit ook naby wil sien.

7

3.1 **Afbeelding D** en **E** is voorbeelde van **'lewende kunswerke'**.
Hoekom? Verduidelik. (2)

3.2 **Watter** van hierdie kunswerke is meer **toeganklik** vir die **gewone publiek**?
Gee TWEE **redes**. (2)

3.3 ***'Lewende kunswerke'***
Kies EN verduidelik **TWEE kunswerke** deur **TWEE verskillende** konseptuele **EN/OF** kontemporêre **internasionale kunstenaars**.
**** Jy mag Wim Delvoye bespreek, maar NIE die kunswerk in Afbeelding D NIE.***

Vir **ELKE** kunswerk

- **Skryf** die **naam** van die kunstenaar
- **Titel** van die kunswerk
- **Verduidelik** elke kunswerk (4)

IEB Copyright © 2022

3.4 Ons kan die kunswerke wat jy gekies het as **'lewende kunswerke' sien**. Verduidelik die **maniere hoe**.

Skryf oor die **kunstenaars** se **gebruik van**:

onderwerp
konsep
medium <u>EN/OF</u>
kreatiewe proses (8)

3.5 **Watter** van die **kunstenaars** in Vraag **3.4** is **suksesvol** om kuns meer **toeganklik** (maklik om te sien en te verstaan) vir die **gewone publiek** te maak?
Gee **redes**. (4)
[20]

IEB Copyright © 2022

VRAAG 4 WEERSTANDSKUNS IN SUID-AFRIKA GEDURENDE DIE APARTHEIDSERA (Circa 1950–1994 CE)

Lees die teks. Gebruik **Afbeelding F**. Antwoord die vrae.



Toe Biko dood is, het hy 'n vrou en drie kinders gehad. Hy het vir hulle 'n brief gelos wat in een deel sê: "Ek het my lewe gegee om gelykheid vir swartmense te sien. Ek het die behoeftes van my gesin verwaarloos (nie raakgesien nie). Verstaan asseblief dat ek dit gedoen het. Nie omdat ek selfsugtig was nie. Ek wou 'n Suid-Afrika bewaar wat die moeite werd is vir swart en wit om in te woon.

8

Biko het ook gesê dat "Dit is beter om te sterf vir 'n idee wat sal lewe, as om te lewe vir 'n idee wat sal sterf." **9**

Afbeelding F

Lungile Mbokane

Steve Biko Tribute

2016

Gemengde Media

4.1 Gebruik **Afbeelding F**. Gee die **visuele leidrade** wat die uiteindelike **opoffering** van **Steve Biko wys** toe hy **teen** die **apartheidsregime geveg** het. (2)

4.2 Kies **TWEE** relevante **Suid-Afrikaanse kunswerke (circa 1950–1994)** deur **TWEE** *verskillende kunstenaars.*
Hulle **werk** moet die **idee** van **opoffering wys**.

Gee die **naam** van die **kunstenaar.**
Gee die **titel** van die **kunswerk.**
Verduidelik **ELK** van die **TWEE** Suid-Afrikaanse kunswerke.

(Belangrik: jy kan ook kunstenaars bespreek wat **gedurende die 1950's en later** uit **formele en informele kunssentrums** gekom het. (4)

4.3 **Onderdruktes** moes **opofferings** tydens die **apartheidsregime maak**.
Vir **ELKE** kunswerk: Verduidelik **hoe** die **kunstenaar visueel en konseptueel** die **opofferings wys.** (10)

4.4 Kyk na die **opofferings** in Vraag **4.3**.
Het die **opofferings gehelp** om 'n **Suid-Afrika te bewaar** wat **goed en lekker is** om **in te leef**?
Gee **redes**. Gebruik **een van die kunswerke** wat jy **bespreek** het. (4)
[20]

IEB Copyright © 2022

VRAAG 5 KONTEMPORÊRE SUID-AFRIKAANSE KUNS (POST-1994)

Lees die teks. Skryf 'n **responsopstel**.



Die kunstenaar, Mzoxolo X Mayongo, sê sy 'seunskap' was 'n verwarrende (onseker) een. Toe hy grootgeword het, het hy nooit ingepas by die idee van wat 'n *kasi* (township-seun) moet wees nie. Hy het nie regtig in die voorstedelike landskap ingepas nie. Hy was tussenin vasgevang. Hy het gesukkel met sy 'regte identiteit'. Hy sê '... daardie spanning van dualiteit was altyd daar; Ek moes altyd sukkel om balans te vind tussen die twee wêrelde, sag en hard, manlik en vroulik.'

10

Skryf 'n **opstel**.
Lengte: VIER bladsye
Dink aan **Suid-Afrikaanse kontemporêre kunstenaars** wat die **kwessie van identiteit verken**.
Skryf oor **hoe hierdie kunstenaars** die konsep ***'kulturele dualiteit'*** in 'n hedendaagse (soos dit nou is) **Suid-Afrikaanse konteks hanteer**.

Kies **DRIE kontemporêre Suid-Afrikaanse kunstenaars** en **EEN kunswerk van elk**.
Skryf EN verduidelik jou **argument** (wat jy dink).
Noem EN **verduidelik** as jy 'n **sekere versameling** van 'n kunstenaar se werk gebruik*.

*** Let wel: Jy kan kies of jy Mzolo X Mayongo wil bespreek.**

Puntetoekenning vir Vraag 5	
3 kunstenaars	6 punte
3 titels met kort beskrywings (verduidelikings) van werke	
Toepaslike feite *(Belangrik: Skryf 6 feite om 4 punte per bespreking van elke kunswerk te kry.)*	12 punte
Ontwikkeling van argument	12 punte

[30]

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2022